Downloaded from Stanmorephysics.com

education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 9

**AFRIKAANS HUISTAAL**
**RESPONS OP TEKSTE**
**JUNIE 2024**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies noukeurig voordat jy die vrae beantwoord.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit 4 vrae:

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 1: | Leesbegrip | (25) |
| VRAAG 2: | Visuele teks | (15) |
| VRAAG 3: | Opsomming | (10) |
| VRAAG 4: | Taalstrukture en -konvensies in konteks | (20) |

3. Nommer teen die kantlyn.

4. Nommer volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

5. Laat reëls tussen antwoorde oop en trek ’n lyn na elke vraag.

6. Skryf met ’n blou of swart pen.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com

## VRAAG 1: LEESBEGRIP

Lees die onderstaande artikel sorgvuldig deur en beantwoord dan al die vrae wat volg.

### Met mening vir SA koffie

-Du Preez de Villiers

1 Suid-Afrika is nie juis bekend vir sy koffieproduksie nie en kan nog minder roem op uitstaande smaakprofiele soos dié van Ethiopië, Brasilië en Colombië.

2 Die Laeveld in die Tzaneen-streek het egter ’n soortgelyke klimaat as die woude in Suid-Amerika en Midde-Afrika en die gebied se koffiepotensiaal het lank gewag om werklik ontgin te word.

3 Zander Ernst, direkteur van bemarking en produksie, het groot planne vir die koffiebedryf. “Ek is ’n groot koffieliefhebber en het al lankal gedroom om my eie koffie te verbrou en die waardeketting enduit te neem tot by ’n koffiewinkel,” sê hy.

4 In 2016 het hy die daad by die woord gevoeg. “Dit was egter nie so maklik nie. Jy stap nie net by ’n plaaslike kwekery in en koop 4000 koffieplantjies nie.” Einde ten laaste het hy 800 boompies, almal van een kultivar, in die Sabie-vallei in die hande gekry. Hy het toe besluit om die plaas Krabbefontein in Magoebaskloof te ontwikkel en ’n koffiewinkel in ’n ou saagmeule reg langs die pad, in te rig.

5 Ek het toe elke oop stukkie grond vol koffiebone geplant, 500 mm uitmekaar, wat nogal kompak is, maar dan kan jy bessies op ’n klein area kry en die pluk daarvan makliker maak. Koffie is eintlik ’n gemaklike gewas om te kweek, maar om die koördinasie daarvan reg te kry, was ’n uitdaging. Na twee jaar is die eerste oes afgehaal, maar die finale produk was so sleg dat jy dit nie kan indink nie.

6 “’n Vriend het my aan Matt Carter voorgestel wat onder andere aan Woolworths-koffie verskaf het.” Hy is ’n koffiespesialis en was al op koffieplase in verskeie lande.”

7 “Ek het toe vir hom ’n handvol koffiebone gegee en gevra wat hy dink,” sê Zander. “Hy het na my teruggekom en gesê dat daar potensiaal is. Hy het toe ’n pad saam met my in die proses gestap.”

8 Carter het ’n duidelike gehaltedoelwit gestel, want hulle wou koffie produseer wat Suid-Afrikaners graag wou drink. Ernst sê hy het baie foute met die eerste aanplanting gemaak deur die boompies in die son te plant.

9 Fynproewers kan reeds verskillende geure op Krabbefontein gaan beproef. Daar is ook ’n winkel wat die handelsmerk se koffie verkoop en ’n eetplek wat eiesoortige koffielekkernye voorberei.

Downloaded from Stanmorephysics.com

10 Sjef, Remé Anderson, het meer as 4 maande gelede begin werk en het vrye teuels om die wêreld van koffieversnaperinge en meer te ondersoek.

11 "Die ou saagmeule gaan ook binnekort opgeknap word en in 'n restaurant omskep word. Hierdie is 'n lekker kombinasie tussen die boerdery, Carter wat eksperimenteer en Remé wat dit deurtrek na resepte." sê Zander.

12 Carter het nóg 'n doelwit gestel en dit is om 'n eg Suid-Afrikaanse kultivar te kweek. "Dit kan 10 jaar tot 'n leeftyd duur, maar dit is lekker om 'n doelwit te hê."

[Bron: *maroelamedia.co.za*, 18 November 2022]

**VRAE:**

1.1 Waarvoor is Suid-Afrika volgens paragraaf 1 nie bekend nie? (1)

1.2 Noem DRIE lande wat koffie van goeie gehalte produseer. (3)

1.3 Dink jy dit is moontlik dat daar in die Tzaneen-streek ook goeie gehalte koffie produseer kan word? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.4 Verduidelik in jou EIE WOORDE wat word bedoel met *die gebied se koffiepotensiaal het lank gewag om werklik ontgin te word.* (1)

1.5 Wanneer is iemand 'n *koffieliefhebber*? (1)

1.6 Herlees paragraaf 3.
Hoekom, dink jy, sal Zander sukses kan behaal om sy eie koffie te verbrou? (1)

1.7 Wat beteken dit om *die daad by die woord* te voeg (paragraaf 4)? (1)

1.8 Watter karaktereienskap leer ons van Zander in paragraaf 4? (1)

1.9 Dink jy, na aanleiding van paragraaf 4, dat 'n mens dadelik groot sukses kan behaal wanneer jy 'n nuwe besigheid begin? Motiveer jou antwoord. (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer 1.10 en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.10 E.
*'n Kultivar* is ...

A 'n tradisie wat geskep word.
B 'n variëteit van 'n plantsoort.
C navorsing wat op plante gedoen word.
D iets wat in die natuur aangetref word. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.11 Waarvoor, dink jy, word ’n *saagmeul* eintlik gebruik? (1)

1.12 Haal EEN woord uit paragraaf 5 aan wat vir ons sê dat die hele proses om koffie te kweek nie ‘n maklike proses is nie. (1)

1.13 Sou jy sê na aanleiding van paragraaf 5 dat Zander uithouvermoë het? Motiveer waarom jy so sê. (1)

1.14.1 Hoekom, dink jy, het Zander vir Carter ontmoet? (1)

1.14.2 Verduidelik in jou eie woorde wat Carter vir ’n lewe doen (paragraaf 6). (1)

1.15 Wat beteken dit as iets *potensiaal* (paragraaf 7) het? (1)

1.16.1 Verduidelik wat die doelwit in paragraaf 8 is. (1)

1.16.2 Watter emosie kan Zander ervaar as hy die doelwit wat gestel is, kan bereik? (1)

1.17 Wat was die rede dat Zander se eerste poging met die koffie nie gewerk het nie (1)

1.18 Sê in jou EIE woorde wat bedoel word met koffie wat *beproef* kan word. (1)

1.19 Wat beteken dit om *vrye teuels* (paragraaf 10) te hê? (1)

1.20 Hoekom, sou jy sê, is dit moontlik vir Zander om die ou saagmeule in ’n restaurant te omskep? (1)

1.21 Dink jy dat Zander uit sy foute geleer het?
Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL VRAAG 1: 25**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 2: VISUELE TEKS**

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Volksblad,10 Februarie 2016]

**VRAE:**

2.1 Waaroor gaan die koerantberig? (1)

2.2 Met wie praat die man in die spotprent? Hoekom sê jy so? (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.3 2.3.1 Wat wil die man graag hê? (1)

2.3.2 Hoekom, dink jy, sal hy voel dat hy die antwoord in vraag 2.3.1 verdien? (1)

2.4 Gee TWEE redes waarom die ma na haarself as *Superma* verwys. (2)

2.5 Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer 2.5 en die antwoord neer.

*Die spotprent dui aan dat die samelewing die vroue* (regverdig/onregverdig) *behandel.* (1)

2.6 Gee twee visuele bewyse (dit wat jy kan sien) dat die man ontspan. (2)

2.7 Wat beteken dit om te *swoeg en sweet*? (1)

2.8 Waaruit kan jy aflei dat hierdie Superma se kinders gedissiplineerd is? (1)

2.9 Wat lei jy af is 'n *onbetaalde werk* in hierdie spotprent? (1)

2.10 Sou jy sê dat die *Superma* 'n geduldige vrou is? Motiveer jou antwoord. (1)

2.11 Hoe slaag die spotprentkunstenaar daarin om die man die fokuspunt van die spotprent te maak? (1)

**TOTAAL VRAAG 2: 15**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 3: OPSOMMING**

Lees die onderstaande teks deur en skryf SEWE feite waarom koffie vir jou voordelig is, neer.

1. Skryf die feite PUNTSGEWYS in jou EIE woorde neer.
2. Jou opsomming moet tussen 70–80 woorde wees.
3. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**Ken jy die voordele van koffie?**

- Sofia Pacheco

Dit is baie algemeen om ‘n dag met ’n koppie koffie te begin. Daar is diegene wat verskeie koppies deur die dag drink. Wanneer koffie van natuurlike bone gemaak word of bloot gemaal word, hou dit voordele in. Die aanbevole hoeveelheid koffie is 4 koppies deur die dag.

Koffie bevat kafeïen, 'n sentrale senuweestelselstimulant wat bekend is vir sy vermoë om moegheid te beveg en energievlakke te verhoog.

Kafeïen hou ook verband met verhoogde produksie van neuro-oordragstowwe soos serotonien, dopamien en norepinefrien, wat help om die mens se bui te verbeter.

Koffie bevat fenole wat 'n versadigende sensasie bied wat veroorsaak dat ons brein inligting na die liggaam stuur. Op hierdie manier verhoed dit ons om tussen maaltye te peusel en help ons om gewig te verloor. Volgens sommige navorsing kan koffie vetberging verander en dermgesondheid ondersteun, wat voordelig kan wees vir gewigsbestuur. Hoër koffieverbruik kan geassosieer word met 'n afname in liggaamsvet, veral by mans.

Ons het baie keer gesien dat koffie gebruik word om ’n mens wakker en waaksaam te laat bly, maar die voordele van koffie gaan verder en laat jou toe om konsentrasie te verbeter. Nog 'n studie het bevind dat die drink van koffie geassosieer word met beter fisiese prestasie en vinniger stapspoed.

Gereelde koffieverbruik verminder beroertes, sowel as die voorkoming van Parkinson's, die risiko van tipe II-diabetes, en dit verminder selfs die risiko van Alzheimer-siekte. Sommige navorsing dui daarop dat gereelde koffieverbruik geassosieer kan word met 'n laer risiko om tipe 2 diabetes op die langtermyn te ontwikkel.

Gereelde koffieverbruik stimuleer intestinale transito en dit verminder die voorkoms van kolonkanker. Daar is ook studies wat verskeie koppies koffie per dag verbind met die vermindering van borskanker.

[Bron: *https://lifestyle.fit*, 14 Januarie 2022]

**TOTAAL VRAAG 3: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES IN KONTEKS**

Lees die onderstaande strokiesprent en beantwoord die taalvrae wat daarop volg.




[Bron: *www.daniecronje.co.za*]

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Maak 'n sin met die **antoniem** van die onderstreepte woord in raampie 1. | (1) |
| 4.2 | Skryf die sin in raampie 1 oor in die **ontkennende vorm**. | (1) |
| 4.3 | Verdeel *kinderdae* in raampie 1 in **lettergrepe**. | (1) |
| 4.4 | Verdeel *middae* in raampie 2 in **klankgrepe**. | (1) |
| 4.5 | Vorm 'n **samestelling** van die woorde tussen hakies in raampie 2. | (1) |
| 4.6 | Gee die **verkleining** van die onderstreepte woord in raampie 2. | (1) |
| 4.7 | Watter **klankverskynsel** kom voor by *geluister* in raampie 2 as dit uitgespreek word as *gelyster*? | (1) |
| 4.8 | Wat is die funksie van die **ellips** in raampie 2? | (1) |
| 4.9 | Verklaar waarom daar 'n **komma** in raampie 3 gebruik word. | (1) |
| 4.10 | Watter **woordsoort** kom by die onderstreepte woord in raampie 3 voor? | (1) |

**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die onderstaande artikel sorgvuldig deur en beantwoord dan al die vrae wat volg.

**LAERSKOOLKIND KRY GLO (4.11) HARTAANVAL WEENS PRIME-ENERGIEDRANKIE**

1 ’n Laerskool, in Newport in Wallis, het ’n brief aan ouers gestuur waarin hulle weer ‘n beroep op ouers doen om nié toe te laat dat hulle kinders die (4.12) nuut Prime-energiedrankie inneem nie.

2 (4.13) Die kind se maag moes gepomp word. Volgens die ouer gaan dit (4.14) beter met die kind, maar meen ouers moet opnuut gewaarsku word.

3 Die drankie is verlede jaar in Engeland bekendgestel en was op ’n stadium in (4.15) Suid-Afrika te koop vir tussen R500 en R800. Checkers het egter vroeër vandeesmaand aangekondig dat hulle die drankie teen (4.16) R40 kan verkoop.

4 Gesondheidskenners doen ’n beroep op ouers om nie toe te (4.17) laat dat hulle (4.18) kinders die drankie drink nie, met talle Britse inkopiesentrums wat hulle eie reëls ingestel het waarin hulle kinders onder 16 jaar verbied om energiedrankies te koop.

5 (4.19) Skole in Australië het reeds die drankie in skole verbied. Onderwysorganisasies in Suid-Afrika vra dat dit verbied word.

6 Ouers is (4.20) bekommerd dat iets met hulle kinders as gevolg van die drankie, sal gebeur.

[Bron: *www.pretoriafm.co.za*, 11 Mei 2023]

4.11 Gee die **meervoud** van die onderstreepte woord in die titel. (1)

4.12 Skryf die **korrekte vorm** van die onderstreepte woord in paragraaf 1, neer. (1)

4.13 Herskryf die onderstreepte sin na ’n **vraagsin**. (1)

4.14 Skryf die **stellende trap** van die onderstreepte woord neer. (1)

4.15 Wat noem ons ’n persoon wat in *Suid-Afrika* woon? (1)

4.16 Skryf die onderstreepte getal in **woorde** uit. (1)

4.17 Gebruik die onderstreepte woord in ’n sin sodat ’n **ander betekenis** van die woord duidelik is. (1)

4.18 Skryf ’n gepaste **byvoeglike naamwoord** voor die onderstreepte woord, neer. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.19 Verbind die volgende twee sinne met die **voegwoord** tussen hakies:

Skole in Australië het reeds die drankie in skole verbied. Onderwysorganisasies in Suid-Afrika vra dat dit verbied word.(terwyl) (1)

4.20 Gee die **intensiewe vorm** van die onderstreepte word in paragraaf 6. (1)
**(10)**

**TOTAAL VRAAG 4: 20**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 9

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**RESPONS OP TEKSE**

**JUNIE 2024**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG 1: LEESBEGRIP | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Vir sy koffieproduksie.✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.2 | Ethiopië ✓<br>Brasilië ✓<br>Colombië ✓ | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.3 | Ja, die klimaat is soortgelyk aan die lande wat koffie van goeie gehalte produseer./Daar is potensiaal in die Tzaneen-streek./Met genoeg navorsing is dit moontlik.✓<br><br>Nee, dit kan nog nie bewys word nie.✓<br><br>*Die kandidaat moet 'n motivering gee om 'n punt te verdien*. | 1 | 5 |
| | | | |
| 1.4 | Dit het lank geneem voordat iemand in daardie gebied die proses om koffie te maak, ontwikkel.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks aan.* | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.5 | Wanneer iemand baie van koffie hou./Iemand wat baie koffie begin drink./Iemand wat verslaaf raak aan koffie.✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.6 | Hy werk hard om sy droom te laat waar word/Hy is 'n direkteur in produksie./Hy het kennis van produksie.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks aan.* | 1 | 5 |
| | | | |
| 1.7 | Om dadelik te doen wat jy sê.✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.8 | Uithouvermoë/deursettingsvermoë.✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.9 | Nee, jy moet eers hard werk/Jy moet eers baie kennis opdoen./dit is 'n lang proses./Jy moet eers die regte hulpbronne kry voor dit moontlik is./✓<br><br>Ja, met die regte ondersteuning is dit moontlik.✓<br><br>*Die kandidaat moet 'n motivering gee om 'n punt te verdien.* | 1 | 5 |
| | | | |
| 1.10 | B ✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.11 | 'n Fasiliteit of masjien wat gebruik word om stompe te saag/hout te sny.✓ | 1 | 5 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.12 | "uitdaging".✓<br><br>*Die kandidaat word nie gepenaliseer as die woord nie in aanhalingstekens geskryf is nie.* | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.13 | Ja, hy het twee jaar gewag voor die finale produk gereed was./Die produk was sleg, maar hy het nie opgegee nie./Alhoewel sy produk nie goed was nie, het hy ander maniere gesoek om dit te verbeter.Hy het nie op die produk opgegee toe dit onsuksesvol was nie.✓ | 1 | 5 |
| | | | |
| 1.14.1<br><br><br><br>1.14.2 | Om die koffie te verbeter./'n Sukses maak met dit waarmee hy begin het./Om te leer hoe om beter koffie te maak.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks aan.*<br><br>Hy spesialiseer in koffie./Hy kan raad gee oor koffie.✓ | 1<br><br><br><br>1 | 5<br><br><br><br>3 |
| | | | |
| 1.15 | Wanneer iets kan verbeter.✓ | 1 | 3 |
| 1.16.1 | Om gehalte koffiebone te verseker.✓ | 1 | 2 |
| | | 1 | 4 |
| 1.16.2 | Trots.✓ | | |
| | | | |
| 1.17 | Hy het die boompies in die son geplant.✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.18 | Jy kan die koffie uittoets./Die smaak van die koffie proe.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks aan.* | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.19 | Om te maak wat hy wil./Om te doen wat jy wil.✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.20 | Hy het nou baie ondervinding in die kosbedryf opgedoen./HY is baie ervare./Hy het mense wat saam met hom werk wat suksesvol is in wat hulle doen./Hy gaan dit nie alleen doen nie.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks aandoen.* | 1 | 5 |
| | | | |
| 1.21 | Ja, Carter het hom geleer wat om te doen en hy het dit toegepas./ Sy droom het waar geword./Hy het sy fout erken./Daar is reeds nuwe doelwitte gestel.✓ | 1 | 5 |
| | **TOTAAL VRAAG 1:** | **25** | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG 2: VISUELE TEKS | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Vrouens wat meer onbetaalde werk as mans doen.✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 2.2 | Met sy vrou.✓<br>Hy spreek haar as "Liefie" aan./Mans praat so met hulle vrouens.✓ | 2 | 3 |
| | | | |
| 2.3.1 | Koffie.✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 2.3.2 | Hy het hard gewerk./Hy kom nou net van die werk af.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks aan.* | 1 | 5 |
| | | | |
| 2.4 | Sy het baie om te doen ✓ terwyl die res van die huisgesin op een taak fokus.✓/<br>Sy moet nog wasgoed was/na tuiswerk kyk✓ terwyl die huisgesin haar nodig het.✓<br><br>*Die kandidaat moet na die ma <u>en</u> die huisgesin verwys om 2 punte te verdien.* | 2 | 3 |
| | | | |
| 2.5 | **on**regverdig✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.6 | Die man lê agteroor op die bank.✓<br>Die man se skoene is uitgeskop.✓ | 2 | 3 |
| | | | |
| 2.7 | Om hard te werk.✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.8 | Die kinders sit stil en tuiswerk/huiswerk doen.✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.9 | Wanneer jy werk doen en nie daarvoor betaal word nie.✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 2.10 | Ja, sy praat mooi terug met haar man terwyl sy baie werk het.✓<br><br>*Die kandidaat moet 'n motivering gee om 'n punt te verdien.* | 1 | 4 |
| | | | |
| 2.11 | Hy word die naaste aan die leser uitgebeeld./Hy word die grootste in die prent uitgebeeld.✓ | 1 | 3 |
| | **TOTAAL VRAAG 2:** | **15** | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| **VRAAG 3: OPSOMMING** | | |
|---|---|---|
| | | |
| Die volgende FEITE moet genoem word en PUNTSGEWYS wees. | | |
| **Direkte woorde uit teks** | **Eie woorde** | **Vlak** |
| 1. "... bekend is vir sy vermoë om moegheid te beveg en energievlakke te verhoog" | Koffie gee jou meer energie. | 2 |
| 2. "... help om die mens se bui te verbeter." | Koffie verbeter jou gemoedstoestand. | |
| 3. "...help ons om gewig te verloor." | Koffie help dat jy nie gewig optel nie. | |
| 4. "... konsentrasie te verbeter." | Koffie laat jou beter konsentreer. | |
| 5. "... geassosieer word met beter fisiese prestasie en vinniger stapspoed." | Jy presteer beter in fisiese aktiwiteite as jy koffie drink. | |
| 6. "....verminder beroertes, sowel as die voorkoming van Parkinson's, die risiko van tipe II-diabetes." | Koffie hou gesondheidsvoordele in. | |
| 7. "...dit verminder die voorkoms van kolonkanker." | Koffie voorkom sekere tipes kanker. | |
| **PUNTE TOEKENNING** | | |
| 7 Feite = 7 punte<br>Taal = 3 punte<br><br>Taal eie woorde:<br>1-3 feite korrek = 1 punt<br>4-5 feite korrek = 2 punt<br>6-7 feite korrek = 3 punte | Taal direkte aanhaling:<br>6-7 aanhalings = 0 punte<br>4-5 aanhalings = 1 punte<br>2-3 aanhalings = 2 punte<br>1 aanhaling = 3 punte | |
| **(Slegs FEITE in volsinne verdien punte)** | | |
| | **TOTAAL VRAAG 3:** | **10** |

| **VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES IN KONTEKS** | | **Punt** | **Vlak** |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Die leerders het almal **dieselfde** skoene aan. My tannie het vir my **dieselfde** armband as joune gekoop.✓<br><br>*Die antwoord moet in 'n sin gebruik word om 'n punt te verdien.* | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.2 | Ons kinderdae is **nie** baie anders as julle s'n van deesdae **nie**.✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.3 | kin-der-dae✓ | 1 | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.4 | mi-dae ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.5 | kinde**r**stories ✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.6 | radio'tjie ✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.7 | ontronding ✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.8 | Dit wys dat hy terugdink aan sy kinderdae./Neelsie val hom in die rede.✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.9 | Die komma kom na 'n aanspreekvorm.✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.10 | Voornaamwoord.✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.11 | Hartaanvalle (spelling tel)✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.12 | Nuwe ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.13 | Moes die kind se maag gepomp word**?**✓<br><br>*Punt word nie toegeken as daar nie 'n vraagteken aan die einde van die sin is nie.* | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.14 | goed ✓ | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.15 | Suid-Afrikaner ✓ | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.16 | Veertig✓ (Rand) | 1 | 1 |
| | | | |
| 4.17 | Ek is **laat** vir skool.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks aan.* | 1 | 3 |
| 4.18 | Soetste/enigste✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks aan.* | 1 | 2 |
| | | | |
| 4.19 | Skole in Australië het reeds die drankie verbied **terwyl** onderwysorganisasies in Suid-Afrika vra dat dit verbied word.✓ | 1 | 3 |
| | | | |
| 4.20 | doodbekommerd✓ **(een woord)** | 1 | 1 |
| | **TOTAAL VRAAG 4:** | **20** | |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** | |

Kopiereg voorbehou